Nuusbrief 03 / 16 Februarie 2024

MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA
10

# RAKKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

"Om lief te hê en geliefd te wees, is om die son van beide kante te voel"

# Uit die Hoof se Kantoor

Valentynsdag is jaarliks 'n groot dag by Midstream Ridge.
❤e word oral gesien en baie ❤e word gesteel.
Ons bedank graag elke ouer en leerder van ganser ❤e, spesiaal ons klasmammas en gr. 7's vir die ❤like atmosfeer wat heeldag by die skool geheers het.
Dit doen ons ❤e goed om te sien dat elke Ridge Rakker bederf is.
Duidelik is die gemeenskap ons ouers ook na aan die ❤ as ons na die ruim skenking van skryfbehoeftes kyk. ❤like dank hiervoor ook. U is welkom om nog tot 23 Februarie skenkings te maak.
Baie sterkte met al die aktiwiteite wat nog vir die maand van liefde voorlê.
Geluk aan die wenners van die Valentynsdag "raffle": Zac Rademeyer (3E2) and Luhan van Wyk (7A1)!

## INLIGTING

- Kalender ~ Februarie 2024
- Sport & Kultuurkalender 2024
- TRUTH-Inligting & 2024 Gebeure
- MRP-Bergfiets 2024-Kalender
- BLGG-Studiemetodekursus
- Young Engineers
- Nico Martin Krieketakademie

**AANSOEKE VIR GRAAD 1 - 2025**

Ouers word versoek om asseblief graad 1-aansoeke vir 2025, voor 20 Maart 2024 in te dien. Geen hardekopie of e-posaansoeke nie, asseblief.

Volg die onderstaande skakel om 'n aanlynaansoek te voltooi. Indien u reeds 'n kind of kinders in MRP het, hou asseblief die ouerkode byderhand sodat u die nuwe aansoek, aan die huidige leerder(s) in die laerskool, kan koppel.
Vir enige navrae, kontak asseblief vir Corrie Burger by corrieb@midstreamridgeprimary.co.za of 012 940 9122.

**MRP-TOELATINGS**

# Rakker-Musiekster

Ons is baie trots op Meldt van der Spuy (7A2) wat 'n oudisie vir die *Nasionale Simfonia Juventi Jeugorkes,* suksesvol geslaag het.
Die orkes bestaan uit jong spelers van alle instrumente, van graad 7 tot 12, om 'n gesogte program saam met die bekende dirigent Eddy Clayton op te voer, waar hulle deur ander provinsies toer en in Mei met 'n galakonsert by UNISA se ZK Matthews-saal afsluit.
Meldt volg die voetspore van ons eie vioolonderwysers, Carin Jansen van Vuuren en suster Tesmarie Kachelhoffer, wat self in graad 7 tot 12 in die orkes gespeel het.
Ons wens hom alle sterkte toe met hierdie opwindende avontuur.





## "Carnival of Countries"

**Graad 7A1 + Graad 2**



**Graad 7E1 + Graad 1**




**Graad 7A2 + Graad 5**




**Graad 7E2 + Graad 3**



**Graad 7A3 + Graad 6**



**Graad 7E3 + Graad 4**








# MRP OPEDAG 2024

# NOOI ASSEBLIEF ALLE VRIENDE EN FAMILIE!

Mammas wat graag wil help met dekor vir die dag, kontak asb. vir juffrou Liana Rautenbach by lianar@msrp.co.za




## Revue 2024



Ons is opgewonde om die 2024-Revuejaar aan te pak. Ons het verlede week met Rakker Revue se eerste naweek-oefening, afgeskop. Die JNR- en SNR-Revue het albei opwindende temas en ons sien daarna uit om hul vordering dop te hou!